

‘Munisipaliteite het hul mag misbruik’

Deur **Hanlie Stadler** 29 Augustus 2017 13:24



Peter Livanos is aansienlik armer en sy gesondheid het die afgelope paar jaar ’n enorme knou gekry.

Maar hy is “baie, baie dankbaar” dat die konstitusionele hof hom vandag gelyk gegee het in die saak wat hy vier jaar lank namens 13 huiseienaars gestry het.

“My maatskappy (New Ventures Capital) het al die koste van die litigasie gedra. Ek het vir alles betaal. Niemand sal weet hoe dankbaar ek nou is nie.”

Die konstitusionele hof het Dinsdag beslis dat nuwe huiseienaars nie verantwoordelik gehou kan word vir historiese skuld van tot 30 jaar gelede wanneer hulle ’n huis koop nie.

Die hof het bevind dat die minister van samewerkende regering en die twee munisipaliteite wat Livanos aangevat het – Tshwane en Ekurhuleni – die regskoste moet betaal, maar slegs vir twee van die vier regslui wat Livanos aangestel het.

Lees ook die volledige hofuitspraak hieronder.

Livanos sê die saak het hom al R13 miljoen gekos, maar hy sou bankrot gewees het indien daar, met koste, téén hom beslis is. Hy sê hy het nou bewys dat munisipaliteite “hul mag misbruik het”.

Wat jy moet weet

Moenie ’n skulderkenning onderteken vir vorige huiseienaars se munisipale skuld nie. Dit is nou onwettig om dit van jou te verwag.

Indien jy wel vorige eienaars se skuld betaal het, kry regshulp om jou geld of ’n deel daarvan te probeer herwin.

Wanneer mense huis koop, kan oordrag van die eiendom in hul naam nie plaasvind voordat die munisipaliteit vir jou ’n klaringsertifikaat gegee het dat daar geen agterstallige skuld is nie. Livanos verduidelik egter dat dié klaringsertifikaat slegs handel oor die vorige twee jaar se skuld.

Die betrokke munisipaliteite het egter ná oordrag die eienaars aangespreek vir die skuld van lank gelede – dus nie die skuld van die vorige eienaar nie, maar van drie, vier eienaars gelede en van tot 30 jaar gelede. Die eienaars se krag of water is afgesny en hulle is gedreig dat hulle hul eiendom sou verloor tensy hulle die agterstallige skuld betaal. Dit het in sommige gevalle R30 000 beloop.

Livanos sê verdere stappe teen die 13 mense is opgeskort hangende vandag se uitspraak.

NIEMAND SAL WEET HOE DANKBAAR EK NOU IS NIE. Peter Livanos van New Ventures Capital

Livanos sê hoewel die uitspraak slegs twee munisipaliteite betrek, sowel as eThekweni, wat as vriend van die hof toegetree het, kry hy daagliks oproepe van oor die hele land heen. Die probleem is dus nié tot net dié drie munisipaliteite beperk nie.

Livanos sê om die waarheid te sê het die Suid-Afrikaanse Vereniging van Plaaslike Regerings (Salga) munisipaliteite aangemoedig om skuld op dié “kreatiewe manier” in te vorder, voer Livanos aan.

Aidan Kenny, eiendoms spesialis en direkteur van Werksmans, verduidelik dat die hof nie art. 118 (3) van die Wet op Munisipale Stelsels ongeldig verklaar nie, maar bloot bepaal het dit nie op nuwe eienaars van toepassing gemaak kan word met betrekking tot vorige eienaars se skuld nie.

Hy beskryf dit as ’n “oorwinning vir eienaar en finansiële instellings”.

“Dit sal finansiële instellings gemoedsrus gee dat wanneer hulle aan iemand geld leen om eiendom te koop, nóg die eienaar nóg die instelling van hul sekeruriteit (die eiendom) vir die sondes van die vorige eienaar ontnem kan word nie.”

Livanos sê huiskopers wat maar bes gegee het en vorige eienaars se skuld betaal het om te keer dat hul krag en ligte afgesny word, het nou ’n goeie saak dat dié geld terugbetaal moet word.

Kenny sê munisipaliteite sal dadelik die praktyk moet stopsit om nuwe eienaar aanspreeklik te probeer hou.

Nuwe eienaars moet eenvoudig weier om historiese skuld te betaal.

Livanos sê ook hulle moet onder geen omstandighede skulderkennings onderteken vir ander mense se skuld nie.

Livanos moedig mense aan om hom te nader as hulle hulp nodig het. Municipal Debt Services vra geen geld nie, maar wel ’n deel van enige geld wat hulle vir mense invorder of afslag op ou skuld wat hulle beding kry.